Johannes 17:1-12 So 36
Eerbied vir God se Naam!

Geliefdes,
So 36 verklaar die erns en eerbied wat ons vir die God wat ons aanbid se naam moet hê. Hoekom is hierdie eis van God deel van die wet?
Die eer tot God en sy Naam is die doel en oogmerk van die eerste 4 gebooie wat ons leer, en God se Naam is so groot, heerlik en heilig dat dit nie anders kan as om voorop in ons lewe te staan nie. Die manier waarop ons God se Naam gebruik moet 'n lewenswyse wees.

God is gesteld daarop hoe sy Naam gebruik mag en moet word. Dit sluit baie nou aan by die Ons Vader wanneer die Here ons leer bid: Laat u Naam geheilig word...
Dit is vir ons duidelik dat God se Naam en wese (wie God is), nou aan mekaar verbind is. Toe God Moses roep om die volk uit egipte te lei, stal God Homself aan Moses bekend met die woorde: Ek is wat Ek is.
Dit beteken God is dinamies, oral teenwoordig, 'n skuilplek en vestig vir die gelowige.
Die derde gebod eis dan nou eerbied, ontsag en heiliging van hierdie God.

Eer en heilig sy Naam met jou hart.
Vers 3 stel om God met jou hart te ken. Kennis van God – hoe groot Hy is, sy heiligheid - as ons dit ken, bring dit ons tot die regte gebruik van God se Naam. Maar hoe ken ons God? Ware Godskennis is dat ons sy geopenbaarde liefde met blydskap sal aanvaar en so 'n intieme en persoonlike verhouding met Hom sal hê.
As ons God alleen met ons verstand ken, is dit 'n gevaarlike kennis. Kennis van God eis 'n ken met die hart. Die hart is die middelpuntt van ons lewe. In die boek Spreuke eis God – gee my jou hart, dan eis God jou hele lewe. Hy eis 'n hart en lewe wat van eerbied getuig.

Eer en heilig God se Naam met jou Mond
As jy God dan so met jou hart ken soos Hy homself in die Woord en skepping bekendmaak kan ons nie anders as om dit ook met ons mond te doen nie.
Ps 8 skets vir ons hoe God se Naam deur die skepping ge-eer word. Die belydenis stel dat ons God reg sal bely en aanroep.
Ons het 'n stem gekry om te praat en dan ook met daardie stem ons eerbied vir God te gee. In Jes 6 prys die engele sy naam. As die engele dit doen, hoeveel te meer moet ons dit nie doen wat die kroon van God se skepping is nie.
God se Naam word in die wêreld waarin ons leef soveel oneer aangedoen. Sy Naam word as stopwoord misbruik om krag aan ons eie gesegdes te gee. Ons gebruik dit in grappe in gesprekke. Maar God eis eerbied vir Hom en sy Naam. Ons eerbied vir God moet ook in ons sang navore kom.
In die hemel loof en eer alles God – so moet dit ook op aarde wees.
Christus se hele lewenswandel op aarde was 'n getuienis van eer en gehoorsaamheid aan sy Vader. Ons as lote van die wingerdstok moet daardie voorbeeld volg in ons woorde en dade!
Ons glo met die hart en bely met die mond Rom 10:9, 10 en 13.

Eer God se naam met jou hande.
Die manier waarop ons in die lewe van vandag werk, reflekteer op hoe ons God se Naam eer. Jesus stel in die Skrifgedeelte dat Hy God se Naam geëer/verheerlik het deur die werk te doen en te volvoer wat God Hom gegee het.
Ons lewe moet so op God gerig wees dat die mense uit ons werke kan sien dat ons God dien. Ja, die mense moet kan sien dat God die outeur van my lewe is.
Daarom moet ek my dagtaak met volharding, opregtheid en getrouheid doen. Ons doen dit immers nie vir onsself nie, maar vir die Here.
God se Naam word ook geeër deurdat ons daagliks van die sonde af wegvlug en meer en meer sy wil soek en dit doen.
Ons lewe gedagtes en Woorde moet so gerig wees dat God se Naam , nie gelaster nie, maar geëer word.
Paulus verwoord ons stryd om God se Naam te eer deurdat hy stel dat elke gelowige die wapenrusting van die gelowige moet aantrek. Rig jou lewe waarlik op God. Leef vir God en sy Naam sal deur jou woorde en werk geëer word.
AMEN
Ds Human Coetsee